

Graanhantering Higiëne Protokol

Die implementering van 'n omvattende graanbergingsprotokol, insluitend voorkomende behandelings met K-Obiol[®] EC 25 en nougesette higiënepraktyke, is van kardinale belang vir die behoud van graankwaliteit en die voorkoming van verliese. Hoë temperatuur en vogkonsentrasies binne die stoorplek kan mikotoksiene veroorsaak wat die kommoditeit giftig maak vir menslike en dieregebruik. Die strewe na noukeurige bestuur van jou kommoditeit verseker maksimum opbrengs in jou sak.

Die volgende stappe kan geneem word om te verseker dat jou graan maksimum beskerming op die plaas sal geniet:

Higiëne Protokol:

1. Maak buise en store sorgvuldig skoon en verwyder alle stof en ou graanafval. Dit is belangrik dat geen nuwe graan op die vorige seisoen se graan geberg word nie. Die vog inhoud tussen die twee seisoene se graan verskil en kan verrotting veroorsaak.
2. Verwyder en behandel alle onkruid om die buise en stoor fasiliteite sodat die brand gevaar en wegkruip plek vir insekte en knaagdiere geminimaliseer word.
3. Behandel die buite wande van die silo en store met **K-Obiol[®] EC 25**. Toediening kan d.m.v. 'n rugsak spuit geskied. Fokus op krake en gleuwe waar insekreste die meeste gevind sal word. Herhaal een maal elke 3 maande.
4. Behandel die binne volume area van die leë silo en store met **K-Obiol[®] EC 25** deur van 'n termiese vernewelaar (Pulsefog) gebruik te maak. Die rook sal die hele area vul en sodoende die insekreste in gleuwe beheer.
5. Plaas knaagdier stasies om en binne die stoor fasiliteit en plaas 'n knaagdier doders binne die stasies. Doen inspeksie elke week om aktiwiteit van knaagdiere te monitor. **Racumin[®]** word onderskryf deur Dr Gerhard Verdoorn van die Griffon Poison Centre en kan aanbeveel word om knaagdiere in hierdie verband te beheer.

Sifting Protokol:

1. Sif die graan met inname om die opbou van vog, insekte en mikotoksiene te voorkom.
2. Moet nooit die toelaatbare limiet soos voorgeskryf in die Landbou Wet (119 van 1990) oorskry nie.
3. Op Witmielies is die toelaatbare sifting 7% en op Geelmielies is dit 4% voordat dit oorgaan van graad 1 na graad 2.
4. Sonneblom se limiet is 4% en Sorghum se limiet is 5% sifsels om aan gradering soos uiteengesit in die Landbou Wet te voldoen.
5. Die minimum hoeveelheid plantmateriaal en gruis mag saam met graan gestoor word.

Voorkomende Behandeling Van Graan:

- + Behandel die graan met inname deur **K-Obiol® EC 25** direk op die graan te spuit. Verwys na die produk etiket vir kalibrering van die spuit toerusting. Die volume water wat gebruik word mag afwaarts aangepas word om die aantal vog binne die buis te verminder.

Vog Inhoud Regulering:

Die voginhoud van graan voor inlaai moet verkieslik nie die volgende persentasies oorskry nie:

- + Mielies: 14%
- + Koring: 13%
- + Sorghum: 14%
- + Sonneblom: 9%

Oormatige vog binne buise dui daarop dat:

- + Insekte binne die volume van die graan uitgebroei het en/of,
- + Die ventilasie in die buis nie na wense was nie en/of,
- + Skuurigiëne nie na wense was nie en/of,
- + 'n Oormaat persentasie van ongewenste plantmateriaal saam met die graan ingelaai was.

Temperatuur Regulering:

- + Toets gereeld die temperatuur binne die buis om te verseker dat die temperatuur nie 30°C oorskry nie. Die gewenste aantal inspeksies sal een maal in twee weke wees.
- + Deurligtings waaiers kan aangeskakel word wanneer die buitelig humiditeit onder 30% is om sodoende die temperatuur af te bring.
- + Insek infestasies sal die temperatuur van die graan verhoog en in gevalle waar bergingsfasiliteite nie deurligtings waaiers het nie, word aanbeveel dat die graan oorgetrek word van die gevulde silo na 'n leë silo en ter selfde tyd behandel word met **K-Obiol® EC 25**, indien nie reeds gedoen nie.

K-Obiol® EC 25 Toedienings Instruksies:

NB: lees altyd die etiket sorgvuldig voor gebruik.

- + **Direkte oppervlak bespuiting na buise skoongemaak is:**
120 ml **K-Obiol® EC 25** gemeng in 10 liter water en gespuit oor 200 m². Fokus op alle nate en krake in en om die silo buis.
- + **Direkte applikasie op die graan met inlaai in die silo buise:**
28,43 ml **K-Obiol® EC 25** gemeng in 500 ml water, gespuit per ton graan.

Bronne: <https://www.nda.agric.za/docs/plantquality/Agronomy%20-%20local/wheat%20-%20905.pdf>

Gebruik insekdoders verantwoordelik. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik en volg alle waarskuwings en voorsorgmaatreëls.

K-Obiol® EC 25 Reg. Nr. L4586 Wet Nr. 36 van 1947

Aktiewe Bestanddele: Deltametriën (piretroïed) 25 g/l en Piperonielbutoksied 225 g/l **GEVAAR**

Registrasiehouer: 2022 Environmental Science ZA (Edms) Bpk.

AMR Building 3, Ground Floor 9 Concorde E Road, Bedfordview, 2007, South Africa

K-Obiol® is 'n geregistreerde handelsmerk van die Bayer Groep.

BEMARK DEUR: Envu

Envu en die Envu-logo is handelsmerke wat deur Environmental Science U.S. LLC of een van sy affiliasies besit word. ©2025 Environmental Science U.S. LLC.

Ver_2025-04-17/Final

envu™

